Ges. 2: 3, 4 **Die Voorwaarde vir Seën** ~~Lank.~~ 3 Junie 1962

" 155: 1, 3. Hand. 1: 1-14

" 150: 4.

Hand. 1: 14 - Hulle ~~het~~ almal het eendragtig volhard in gebed en smeking

Elke keer as 'n mens die eerste 2 hfse van hd. wonderlike boek lees, kom die vr. by jou op: Maar wat was die geheim van hd. gebeure? Hoe was dit moontlik dat hd. klompie mense soveel krag ontvang in nuwe lewe, in krag om te getuig, in bereidwilligheid om te offer, in drang om te dien?

Gewoonlik word geantwoord dat dit te danke is a.d. uitstorting v.d. H.G. op Pinkstedag wat as bonatuurlike gawe aan hulle geskenk is sonder dat hulle daar iets aan gedoen het. Dat hulle dit as vrye genadegeskenk ontvang het (en dat ons dit net so ontvang) is kmk. Mr. om te sê dat hulle daar niks aan gedoen het nie, is geheel en al verkeerd. Hulle moes beslis iets doen om dit te verkry. En Lukas as skrywer (~~hfs 24~~) sowel in sy Ev. (hfs. 24) as hier in Hand. 1 doen moeite om ons te vertel wat dd. voorwaardes was wat vooraf voldoen moes word voordat die lewe van God hulle s'n kon word. Daar is veral 4 dinge wat my tref in ~~hd.~~ die houding en gesindhd en optrede v.d. diss. groep die 10 dae tussen HV en Pinkster:

I **Saamgeroep**: Dis die eerste uitstaande feit wat ons tref: hd. groepie mense het nie uit hulle eie besluit om so saam te kom nie, dit was nie die ~~[illegible]~~ impulsiewe ingewing v.d. oomblik van Petrus of wie ookal wat gesê het. **Kom ons**

gaan soam nie! Nee: dit was 'n duid. opdrag van Christus aan hulle (Luk 24:49) „Julle moet in die stad Jerus. bly totdat..." En waar was dit meer natuurlik en vanselfsprekend om byme-kaar te kom as juis in die ~~kamer~~ geseënde en deur herinnering-verrykte atmosfeer v.d. Bovertrek? Hulle ontmoeting met Christus na sy opstanding het hulle duid. laat besef: dis die Meester wat roep!

→ So was dit van die begin af en so sal dit tot a.d. einde wees: dis God wat roep, wat opteer wat beveel. ~~As ons saamkom~~ Die roepstem tot bekering - wie ~~anders~~ s'n is dit anders as God s'n? Die stigting v.d. Kerk - wie anders as God wat dit doen? Die samekoms in 'n diens, 'n biduur, 'n Bybelkring - oral daar waar mense in opregte begeerte soek na d. lewende God: wie anders is dit wat roep as God self? Wat nie net een roep nie, maar saamroep om Homself, om sy Woord, om sy Seun?

Sien u dit so as Sondag kerktyd kom, as Christene soos in Pinkster so saamkom? Dat dit nie hulle is nie, maar dat dit die lewende Here is wat saamroep?

II Saamverbind: „Eendragtig" - dis 'n nuwe wd wat Lukas hier gebruik om d. ondubb. verhouding v.d. disss aan te dui, en dis wd. kom meer voor in Hand. 2:1 (Pinkstedag), 2:46 (eendrag-tig volhard i.d. tempel) en na die eerste ver-volging (4:24). Dis 'n baie belangrike woord-dis in werklikheid 'n sleutelwoord, want

<u>Ds. van Naudé v Tymoschuis</u>: ons is <u>een</u> oor d. wêreld (<u>Kommuniste</u>, <u>Mohammedane</u>)



dis die "één" woorde wat Xt. in sy hoëpr. gebed so herhaalde male gebruik het: dat hulle <u>een</u> mag wees!

Voorheen was dit so anders: twisdrag het hulle verdeel, hulle getuienis versmak, hulle liefde versmoor – nou is dit so totaal anders! Wat het d. verskil gemaak?

(1) <u>Hulle gemeensk. liefde tot Xtus</u>: Dit was nie dat hulle nou almal skielik eners gedink of gevoel het nie – nee! Ook nie dat hulle gehipnotiseer was sodat hulle nie mogter kritise kon dink nie – nee! Dit was d. feit dat elkeen v. hulle 'n pers. liefde tot Xt. gehad het en dat dieselfde liefde wat hulle tot Hom getrek het, hulle ook na mekaar getrek het

(2) <u>Hulle gemeensk. geloof in sy belofte</u>: Hulle het deur sy opstanding die wond. les geleer dat Xtus in alle dinge sy woord hou – dat wat Hy sê, altyd gebeur. En daarom, toe Hy d. belofte gedoen het van krag uit d hoogte het hulle geweet: dit sal kom! Hd. geloof hulle innig saamverbind!

→ Die <u>behoefte</u> aan eendrag vdag: hoe groot!

→ Die <u>geheim</u> v. eendrag: liefde tot Xtus, geloof in d. wthd v sy wd!

III <u>Saam Gesmeek</u>: Ons lees hulle het eendragtig volhard in d. <u>gebed</u>. Ek sou graag dat u my sê hoe u die samesyn v.d. groepie mense sien die 10 dae: net aanhoudend gebid? Ek glo nie – ek sien dit sodat hd. tyd van saam-wees een was van openhartige bespreking, van oorvertel van alles wat Xtus hulle geleer het, van vrae stel en antwoorde kry oor baie van sy lesinge en bdsk. en uitsprake wat hulle nog glad nie of swak verstaan het nie. En dit alles gevolg en gekroon deur gebed!

wéin elkeen sag of hand sy behoefte, sy skuld, sy swak-
hede nie, ook sy verwagting aan God openbaar het!

→ Wat sê dit vir ons? Daar word vd so baie
dinge aan hand gegee om d. Kerk te vernuwe, om d.
mens te verander, om d. Xten te versterk. Baie van
hd. dinge verwys nie eers na gebed nie, raak nie
eers daaraan nie! Kan nie ek dat gebed ook mis-
bruik kan word, dat iemand se gebed iemand
anders kan hinder of irriteer – mr. neem dit iets
weg van die heerlike wete dat as Xtene wil
hê dat God hulle moet sien dan moet hulle
eers begin om saam te bid? Nie net oor d. dinge
waaroor hulle saamstem, mr. ook waaroor hulle verskil?

Hd. saambid is d. erkenning: ons het nie d.
antwd nie, ons het nie d. lig nie – alleen God kan
deur sy Gees ons lei en lei! Daar soek ons d. antwd
by Hom

IV Saam Geglo: Ek het reeds in pt II daarna verwys
dat hd. groepie groot dinge kon ontvang omdat hulle
geglo het dat Xtus sy belofte gaan uitvoer. Hulle het
nie geweet wanneer Xt dit gaan doen nie, ook nie hoe
Hy dit gaan doen nie – hulle het net geweet: Hy
sal! En in dd. geloof het hulle gesels, gebid,
gewag en gewerk! „Totdat ..." Dit was d. toets-
wd vir hulle geloof! En die geloof v.d. een het
d. geloof v.d. ander versterk.

→ Xtus se Woord aan sy Kerk, sy Kinders is vol
v.d. rykste en wonderlikste beloftes: redding, vernuwing,
reiniging, versterking, oorwinning. Meer as wat
Hy beloof kan Hy nie – dus ons wat moet insien
dat die fout by ons lê. Ons geloof is te swak
en te klein. En dd. geloof groei nie vanself

Nie - dit kan alleen nspr ons aan I - III
voldoen: Saamgeroep
Saam verbind
Saam gesmeek

Sal u?

Amen